

TERREBLANCHE:**Vryemark-ekonomie
g'n oplossing vir SA**

SUID-AFRIKA se sosiaal-ekonomiese situasie is uniek, en net soos die land 'n aangepaste politieke stelsel moet ontwerp, is 'n aangepaste ekonomiese stelsel nodig, het prof. Sampie Terreblanche, hoogleraar in die ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, gister by die universiteit se herfsskool gesê.

„Teen hierdie agtergrond moet die oormatige retoriek van die jongste tyd oor die verdienste van 'n vryemark-ekonomie as 'n oplossing vir die land se ekonomiese probleme betreur word.

„Suid-Afrika het nog nooit 'n vryemark-ekonomie gehad nie, en die kans dat die land ooit so 'n stelsel sal hê, is vir alle praktiese doeleindes nul. Dié stelsel bied ook nie 'n oplossing vir ons unieke sosiaal-ekonomiese probleme nie,” het hy gesê.

Hy het beklemtoon dat hy nie gekant is teen vrye onderneming, private inisiatief of 'n mark-geïntereerde stelsel nie.

MIKROKOSMOS

Hy het die land beskryf as 'n mikrokosmos van die Eerste en die Derde Wêreld, omdat hoogs ontwikkelde gemeenskappe hier saam met ontwikkelende gemeenskappe aangetref word. 'n Geskikte ekonomiese bestel sou een wees waarin die „informele sektor” van die ekonomie erken en in sommige gevalle aangemoedig word.

In die Suid-Afrikaanse ekonomie moet tussen die hoogs ontwikkelde kapitalisties geïntereerde sektor en die bestaans-ekonomie van die swart state ook 'n informele ekonomie ontstaan, waarin miljoene gekleurdes bestaan volgens „'n groot verskeidenheid wettige en onwettige bedrywighede wat dikwels van groot vindingrykheid en deurstellingsvermoë getuig”.

Dié informele kortweg sluit in:

- Goedere wat deur die produsent en sy familie verbruik word soos handewerk en die bou of aanbou van huise;

- Produksie wat 'n kontant-inkomste lewer, maar meesal „onwettig” is, soos paneelklop in agterplase, rooftaxi's, die herstel van klere, meubels en ysterware, of die verkoop van goedere op ongelisensieerde persele;

- Tydelike of seisoensindiening; en

- Produksie of dienslewering, wat in stryd is met die gemenerereg, soos dwelmsmokkelary, dobbelary, prostitusie en smokkelkroë.

Volgens prof. Terreblanche los die owerheid in Suid-Afrika die probleme van verstedeliking op deur instromingsbeheer, desentralisasie en die skepping van alternatiewe groeipunte.

VERSTEDELIKING

Prof. Terreblanche stel voor dat verstedeliking as onvermydelik aanvaar word en dat die klem hoofsaaklik moet val op die potensiaal van die groot stede om 'n lewensonderhoud vir arm mense te bied.

Die werkloosheid syfer in Suid-Afrika word nou geskat op tussen een en twee miljoen. Om te voorkom dat dié syfer toeneem sal in die volgende tien jaar 300 000 werkgeleenthede in die formele sektor geskep moet word.

By US-Herfsskool**MIN. FANIE BOTHA
OOR ARBEID**

„VERNUIWING op arbeidsgebied” is min. Fanie Botha se onderwerp vanaand by die afsluiting van die Herfsskool van die Universiteit van Stellenbosch. Die Minister van Mannekragbenutting praat om agtuur in die hooflesingsaal van die Onderwysblok van die mediese Fakulteit. Dit is naas die Tygerberg-Hospitaal in Parow. Toegang is gratis en almal is welkom.

Vandag is die laaste dag van die driedaagse skool oor „Vernuiwing”. Die twee oorblywende temas word vanoggend en vanmiddag behandel.

Oor „Kommunikasie in die moderne samelewing”, wat van 8.30 vm. aan die beurt is, praat prof. P. J. Cillie (die pers), dr. Jan Schutte (televisie), mnr. Marius le Roux (museums), prof. D. L. Ehlers (die biblioteek) en mnr. R. J. Raath (moderne kommunikasietegniese). Dr. S. F. Rossouw gee 'n lesingdemonstrasie, met regstreekse rekenaerverbinding met Amerika vanuit die lesingsaal.

In die middag van twee-uur af is die tema „Die verhaal van Suid-Afrika uit 'n ander boek”. Die referente is prof. H. J. Deacon (die eerste inwoners), prof. N. J. van der Merwe (migrasie uit die noorde), dr. A. J. Böeseke (migrasie uit Europa), dr. H. B. Gillomee (ontplooiing van volkereverhoudinge, 1652 tot 1910) en prof. W. B. Vosloo (volkereverhoudinge gister, vandag en môre).

Belangstellendes wat nie vir die lesings ingeskrywe het nie, kan die organiseerder opbel by 933131, bylyn 286).

TV-program

5.27: Programrooster.

5.30: From the Book.

5.34: Danny Cat.

'n Nuwe reeks oor verkeersveiligheid, met Daantjie die Kat in die hoofrol.

5.50: Clangers.

'n Nuwe animasie-reeks vir kinders.

6.00: The News.

6.13: Popshop.

6.27: Sportsvision.

6.59: Midweek.

7.30: Taxi.

8.00: Die Nuus.

8.28: Die Weer.

8.34: Die Leeu van die Pireneë.

No. 1. Gaston Phebus, graaf De Foix, een van die koning se magtige vasale, is meester van die mooi landstreek naby die pireneë in die suide van Frankryk.

9.29: Sport.

10.00: Melodieë van Will Meisel.

10.26: Die Lewe is 'n Avontuur.

No. 1. Held van die Lug. Alaska — die plek van spierwit sneeu, reusagtige berge en verraderlike gletsers.

11.51: Die Nuus.

11.55: Oordenking,

gelei deur ds. W. C. J. van Rensburg.

**SAUK moet nog
Mouton**

Van Ons Korrespondent
JOHANNESBURG.

SY strewe is om van die SAUK 'n nog beter openbare diens te maak, het prof. Wynand Mouton, nuut agter sy lessenaar in die Piet Meyergebou in Auckland Park, Johannesburg, as grootbaas van die uitsaaidiens, gister gesê.

Trouens, hy het reeds sy

plig van die uitsaaidiens nie. Prof. Mouton glo hy sal sy twee stoele — as Rektor van die Vrystaatse Universiteit en voorsitter van die SAUK — nog kan volsit.

„My bekommernis is nie